

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Los jou nete ...

Skriflesing: Matteus 4:12-23

Broodjies vir die pad

"We would like a church that again asserts that God, not nations, rules the world, that the boundaries of God's kingdom transcend those of Caesar, and that the main political task of the church is the formation of people who see clearly the cost of discipleship and are willing to pay the price."

— Stanley Hauerwas, Resident Aliens: Life in the Christian Colony

"Paul Ricoeur has wonderful counsel for people like us. Go ahead, he says, maintain and practice your hermeneutics of suspicion. It is important to do this. Not only important, it is necessary. There are a lot of lies out there; learn to discern the truth and throw out the junk. But then reenter the book, the world, with what he calls 'a second naivete'! Look at the

world with childlike wonder, ready to be startled into surprised delight by the profuse abundance of truth and beauty and goodness that is spilling out of the skies at every moment. Cultivate a hermeneutic of adoration - see how large, how splendid, how magnificent life is.

And then practice this hermeneutic of adoration in the reading of Holy Scripture. Plan on spending the rest of our lives exploring and enjoying the world both vast and intricate that is revealed by this text."

— Eugene H. Peterson, Eat This Book: A Conversation in the Art of Spiritual Reading

"Joy is a net of love in which you can catch souls."

— Mother Teresa

Vir Cor

"sic gorgiamus allos subjectatos nunc"
- we gladly feast on those who would
subdue us

ek skryf verse van suiker en papier,
ontgogelde gevoelens
aldogend uit potte

paljasse van woorde
uit derms geryg
my hersings deursypel
my skedel bedans
en skattig

midde in my hart kom plons

ek stamel klakkeloos
met stugge onbeholpenheid
ek word verkwik
soos son deur loodglasventers

ek vergryp my aan kraampies kwinkslae
ek herontdek plekkies en tekstuur-tjies
beleg in vlees en bloed
(lank reeds in pag)
ek biggel trane in verse
tongloos en vry

my lam, my lam
jy dreunsang in my

Marius Coetzee

Stop-en-ry's 'n goeie metafoor vir Suid-Afrika

Dana Snyman

Duskant Robertson is dit maar weer die ou storie: Eers is daar 'n teken wat wys verminder jou spoed na 60 km/h. Dan is daardie hek-ding voor in die pad: STOP. Links is 'n geel bord wat vra vir jou geduld, jy kan tot 20 minute wag. Nóg 'n dekselse stop-en-ry!

Op die gruis langs die pad kom 'n vrou aangestap, met 'n rooi vlag in die hand. Jy ry stadiger, en hou stil. Voor jou is drie motors én 'n vragmotor. Wanneer kry hulle nou eendag klaar met die paaie? werk jy jousef op. Hoe lank gaan dit nou al so aan?

Oral in die land is sulke stop-en-ry's. Die geld om die paaie klaar te bou is seker weer gesteel. Nes op die Guptas se melkplaas by Vrede.

Jy kyk na die vrou met die vlag, en raak kalmer. Dit kan nie lekker wees om heeldag met 'n vlag heen en weer te stap nie. Word sy soggens met 'n styfheid in die arm wakker?

Minstens doen hulle darem nog iets aan die paaie, kalmere jy vir jousef verder. In die Kongo, Sirië en Venezuela werk hulle nie meer aan die paaie nie. Jy skakel die bakkie se enjin af. Nou wag jy maar, gedienstig, gedweë. Voor by die mobiele kantoortjie sit twee vroue en gesels. Julle almal wag.

'n Stop-en-ry is 'n metafoer van hoe dit in hierdie land gaan, besef jy elke keer. Ons woon in 'n stop-en-ry-republiek. Eers het ons gewag vir PW Botha om die Rubicon oor te steek, toe vir die ANC om welvaart vir almal moontlik te maak, toe vir Zuma om te bedank.

Nou wag ons vir Cyril Ramaphosa om van die onbevoegdes en die korruptes ontslae te raak.

'n String motors kom van voor af verby, asof hulle op pad is na Kanada en Australië eerder as na Worcester. Een bliksem waai nog vir jou ook.

Voor by die kantoortjie gaan skuif een van die vroue die hek-ding weg. Julle begin weer beweeg, stadig.

Nêrens sien jy iemand werk nie. Net die halfklaar pad wat voor jou uitstrek terwyl die tamaai lorrie voor jou nie kan wegkom nie.

Dan, in 'n verrassende wending, is daar aksie: Links is 'n paar manne, elkeen met 'n grasbesem in die hand. Moedig, byna heroïes, soos die Zondo-kommissie, staan hulle daar en vee klippertjies van die pad af.

Eenkant leuen 'n kêrel op 'n graaf, asof hy die hele Cosatu se laste op sy skouers dra.

'n Ent verder is nog werkers by die stuk masjinerie waarmee die pad geteer word. Hulle sukkel met iets. 'n Man met 'n das aan gee Pravin Gordhan-agtig raad.

Dan is dit weer net die halfklaar pad en jy ingedruk tussen die lorrie voor jou en 'n ou in 'n BMW aggressief op jou stert, soos 'n Julius Malema-toespraak.

'n Kilometer of wat verder is dit die einde van die stop-en-ry. Jy gaan by die lorrie verby en kyk na die nuwe stuk pad wat voor jou uitstrek. Dis mooi en goed. Jy voel lig. Hoe het dié pad klaar gekom? Dit voel na 'n wonderwerk.

Totdat jy om die draai kom en die teken voor sien: Verminder jou spoed na 60 km/h.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/stop-en-rys-n-goeie-metafoer-vir-suid-afrika-20200117>

"The soul ... has a slow and dark birth, more mysterious than the birth of the body. When the soul of a man is born in this country there are nets flung at it to hold it back from flight. You talk to me of nationality, language, religion. I shall try to fly by those nets."

— James Joyce, A Portrait of the Artist as a Young Man

Brood vir die pad

Ligte, gesonde geloof hou jou verwonderd

André van Niekerk

By die aanbreek van Januarie se langer wordende dae was dit vir ons Europese voorouers nogal gepas om Jesus Christus se koms as lig vir die wêreld te bedink.

Hoewel dit hier by ons in die Suidelike Halfrond nou hoogsomer is, het ons nuwe lig vanuit dié Epifanie-herdenking oor dowwe kolle in ons lewe nodig: Onderwysleiers moet die Switserse opvoedkundige Jean Piaget se insig snap dat leerlinge nie leë houers is wat met kennis gevul en deur geheuetotse beproef word nie. In 'n inspirerende skoolomgewing word kinders aktiewe bouers van hul eie kennis en nuuskierige klein wetenskaplikes wat voortdurend hul eie teorieë oor werklikheidsvelde ontwikkel, toets en dan verbeter.)

'n Jong ma vertel 'n huisvriend het hulle meegedeel hy wil vanjaar nie bloot gelukkig wees nie, maar na 'n veel dieper tevredenheid streef. "Toe gaan 'n lig op," erken sy. "Ek besef toe dat ek nie langer 'n geluk-masker hoef op te sit, almal glimlaggend moet hou en al die minder aangename emosies van ontsteld, seer en verwerp moet beveg nie. As ek uit die kern van tevredenheid leef, kan selfs dié emosies my innerlik versterk.") Van energie gepraat: As ons maar kan insien dat dit veel beter is om al die geleenthede te benut wat ons steeds as burgers het eerder as om net oor 'n regering te kla wat misluk.

Die daaglikse kontak en omgee vir mense bied moontlikhede om persepsies van mekaar, onversoendheid en die negatiewe ekonomiese klimaat te verander.) Paul Ricoeur se raad dat 'n mens op jou oudag nuuskierig en geïnteresseerd moet bly, kan ons ouer mense 'n "aha-ervaring" gee. Dié Franse filosoof het self eerstehands ervaar dat om steeds verras te word die beste kuur vir die tipiese kwale van oud wees is. Dit keer versadiging ("Ek het al dit gesien en dat gedoen") en verhoed droefgeestige heimwee na tye wat nooit gaan terugkeer- nie.

Soos Archimedes in die bekende legende kan 'n mens "Eureka (ek het gevind)!" roep as jy ontdek dat daar steeds ligte, gesonde vorme van geloof is wat nie afsak in 'n oseaan van ongesonde godsdienstigheid nie.

Dit is geloof wat 'n mens nie swaarmoedig maak en die natuurwetenskap tot vyand verklaar nie, maar in die Lig laat ontdek dat ons slegs ten dele ken.

Hierdie geloof laat ons in die beeldetaal van ons hart aan die misterie verwonder en oordonder ons nie met vermeende feitetaal nie.

Soms moet 'n mens drasties teen die donker optree. In die rolprent "Dead Poets Society" laat die poësie-onderwyser John Keating (Robin Williams-) sy leerlinge 'n hoofstuk van ongesonde gedigontleding uit hul handboeke skeur. Dit is 'n daad van lig. Hy wil immers dat hulle die taal van die hart vind.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/ligte-gesonde-geloof-hou-jou-verwonderd-20200121>

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877